

**25 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalms 46, 47, 48  
Fokusgedeelte: Psalms 46:2,3; 47:2,3; 48:10,11**

**Bring al jou vrese na die grote God wat oor alle dinge regeer**

Wat maak jou op hierdie oomblik bang en bevrees? Dalk is dit die misdaad in ons land, die vraag of jy môre nog jou werk sal hê, die toekoms van jou kinders of kleinkinders of 'n spanningsvolle huwelik. Neem opnuut 'n besluit om met jou spesifieke vrees na die lewende God te kom – Hy wat in nood ook jou helper is. Werp al jou bekommernisse op Hom, jou toevlug en jou beskermmer, jou sterkte en jou rotsvesting.

Onthou, God is altyd by jou as sy kind. Hy is die getroue God. Hy wat jou helper is, is terselfdertyd die grote en almagtige God wat oor alle dinge regeer. Hy regeer oor elke mens, elke nasie, die ganse heelal en die wêreld se geskiedenis. As ons maar net weer op hierdie oomblik iets van die grootheid van God begryp. Dan lyk ons eie vrese al sommer klaar baie kleiner.

God neem nie altyd alles wat ons bevrees maak weg nie. Hy werk egter kragtig in ons harte deur sy Heilige Gees. Nou beleef ons elke bedreigende situasie met 'n nuwe binneste – 'n hart vol van vrede en rustigheid, selfs te midde van die storms van die lewe. Dit is die vrede wat van God kom en wat ons met ons klein menslike gedagtetjies nooit ten volle sal begryp nie – die vrede wat alle verstand te bowe gaan.

Daarom, laat ons jubel en bly wees! Kom ons prys en loof die Here ons God! Kom ons eer Hom, die grote God wat bereid is om ons, klein sondaarmensies, by te staan in ons nood en vrese.

*Sing: Psalm 34:2*

*Ds L du P van der Vyver (Roodepoort)*